SWELLENDAM MUNISIPALITEIT

OPENBARE DEELNAME

KONSEP VERORDENIGE –

- **VERORDENING INSAKE INDIENING VAN BOUPLANNE**
- **VERORDENINGE RAKENDE DIE HERROEPING VAN VERORDENINGE**

Kennis geskied hiermee, ingevolge die bepalings van die Wet op Plaaslike Regering: Wet op Munisipale Stelsels, 2000 (Wet 32 van 2000), dat die Raad die volgende konsep Verordeninge, in beginsel, goedgekeur het en dat die betrokke dokumente vir publieke kommentaar geadverteer moet word:

- **VERORDENING INSAKE INDIENING VAN BOUPLANNE**
- **VERORDENING RAKENDE DIE HERROEPING VAN VERORDENINGE**

Navrae in die betrokke verband kan gerig word aan Mnr Dana du Plessis by (028) 514 8500 of e-pos aan dduplessis@swellenmun.co.za.

Die betrokke dokumente is by die volgende plekke ter insae beskikbaar vir kommentaar:

- Swellendam Munisipale Kantore, Voortrekstraat 49, Swellendam
- Swellendam Openbare Biblioteek, Voortrekstraat 49, Swellendam
- Railton Openbare Biblioteek, Resiesbaanstraat, Swellendam
- Buffeljagsrivier Munisipale Kantore, Arendsestraat 5, Buffeljagsrivier
- Buffeljagsrivier Openbare Biblioteek, Arendsestraat 1, Buffeljagsrivier
- Suurbraak Munisipale Kantore, Hoofweg, Suurbraak
- Suurbraak Openbare Biblioteek, Helmsirkel, Suurbraak
- Barrydale Munisipale Kantore, Bainstraat 12, Barrydale
- Barrydale Openbare Biblioteek, Bainstraat 12, Barrydale
- Munisipale webwerf by www.swellenmun.co.za.

Belangstellendes word genooi om skriftelike kommentaar, met betrekking tot die gemelde Verordeninge, aan die ondergetekende te rig, teen **nie later nie as Maandag, 15 April 2019 om 12:00**.

Enige persoon wat nie kan skryf nie en vertoë met betrekking tot die bogemelde aangeleentheid wil rig, kan sy of haar vertoë mondelings aflê by die Munisipale Kantoor te Lindstraat, Swellendam. Mev M. Swart sal sodanige mondelinge vertoë op skrif stel namens die persoon wat mondelinge kommentaar lewer.

A.M. GROENEWALD
MUNISIPALE BESTUURDER

Posbus 20
SWELLENDAM
6740

Kennisgewing: V1/2019